HOE SUKSESVOL IS STABILIS REHABILITASIESENTRUM?
(Kan die uitkomste van Stabilis Rehabilitasiesentrum gemeet word?)

Ons kan verskeie dinge meet, gewig in kilogram en selfs spoed in knope of kilometer per uur, maar kan die sukses van behandeling gemeet word? Daar word gesê dat iets bestuur kan word sodra jy dit kan meet. Stabilis se splinternuwe Uitvoerende Direkteur, Dr Michiel van der Merwe, het sisteme in plek geplaas waarvolgens behandeling van substansafhanklike persone en die uitkomste gemeet kan word gemeet kan word. Stabilis Behandeling sentrum spog met die uitkoms van 84% verbetering by pasiënte wat oor die tydperk van 10 maande gemeet is. Jacques Botes het met Dr Van der Merwe gesels en wou weet presies hoe die 84% spogverbetering by hul pasiënte bereken is.

V: Dit is sekerlik nie gewone gebruik da tons "verbetering" meet nie, waarom was dit nodig om meting sisteme in plek te stel?

A: Daar is 'n spreekwoord: "as jy nie meet, kan jy nie weet". Mense soek waarde vir hulle geld – hulle wil weet of dit "money well spent" gaan wees om vir 'n rehabilitasie-program na Stabilis toe te kom. Kriteria soos "hoe langer opgeneem, hoe beter" of "hoe duurder,hoe beter" gaan net nie meer af nie. Mense het dikwels al verskeie pogings aangewend ten einde te rehabiliteer (sonder blywende sukses) teen die tyd wat hul by 'n rehabilitasie kliniek soos Stabilis aanklop. Dis dikwels 'n "laaste" poging om suksesvol te rehabiliteer. Objektiewe meting dien dus as 'n aanduiding wat verwag kan word.

V: Hoe presies bepaal u die sukses van Stabilis se behandelingsprogramme?

A: Ons bepaal dit tans op drie maniere. Eerstens het ons kriteria vir opnames (medies en psigies) waardeur ons poog om te bepaal of ons holistiese benadering die aangewese behandeling vir die betrokke persoon is. Tweedes word al die fasette tydens die behandelingsproses gemeet met behulp van 'n bevredigingsvraelys wat anoniem voltooi word. Derdens meet ons die wyse van voltooiing (al dan nie) van die behandelingsproses.

V: Watter fasette/dimensies word gemeet en evalueer?

A: Ten opsigte van die bevredigingsvraelys word die hele proses van behandeling gemeet: vooraf-bekendstelling, opname proses, fasiliteite, akkommodasie, verskillende tipes individuele & groepsterapieë, ontspanning, waarde-vir-geld ens. Ten opsigte van die voltooiing van die behandelingsproses word onder andere onderskei tussen die tipe afhanklikheid; vooraf ooreengekome tydperk van behandeling; rede vir vroeë beëindiging van behandeling (op versoek van pasiënt en/of in opdrag van Stabilis); asook sinvolheid van her-opnames, sou dit nodig mag wees.

V: Wow, 84% klink baie indrukwekkend! Het u die uitstekende resultate so gou verwag?

A: Nee glad nie! Die aanvanklike doelwit was 60%. Waaraan word die uitstekende uitkoms toegeskryf? Genade! Stabilis is ‘n bewys dat wonderwerke nog plaasvind. Die volgende faktore het ‘n besliste rol gespeel: ‘n kliënt-gesentreerde benadering waarin daar op ‘n holistiese en liefdevolle wyse na die totale mense omgesien word; kriteria vir opname (ons neem persone vanuit alle vlakke van die samelewing op); baie duidelike riglyne/grense waarbinne behandelingsproses plaasvind; toegewyde en professioneel geregistreerde personeel en deurlopende deursigtigheid/terugvoer rakende vordering van behandelingsprosesse.

V: Het die pasiënte enige insette met die bepaling van die evaluasie van sy/haar vordering?

A: Die bevredigingsvraelyste is 100% die persepsie van die pasiënt. Die voltooiing en/of vroeë beëndiging van behandeling is ‘n gesamentlike besluit tussen pasiënt en terapeutiese span (paneel), en dikwels ook die direkte ondersteuningsisteem van die pasiënt.

V: Baie geluk met die uitstekende uitkoms asook die proses om dienslewering te evalueer, maar 84% is ‘n relatiewe hoë doelwit om op te verbeter. Wat verwag/voorspel u vir die toekoms?

A: Die persentasie rakende die bevredigingsvraelyste het in die afgelope 10 maande met ongeveer 25% gestyg tot meer as 90%, danksy voortdurende selfondersoek en aanpassings op grond van die inhoud van hierdie resultate. Ek glo die sukses ten opsigte van die voltooiing van die behandelingsproses kan ook nog 90% behaal!

V: Hoe word die person in die behandelingsprogram geraak, wat kan die persone wat dienste van Stabilis onvang in die toekoms verwag?

A: Die totaliteit van die persoon word aangespreek: psigies, maatskaplik, medies, psigiatries, geestelik, motories, kreatiwiteit en selfs uiterlike versorging (skoonheid)! Dit alles word in ‘n spanbenadering professioneel en met ware omgee aangespreek. Die aspek van voorligting (vestiging in ‘n dikwels nuwe werk-omgewing) is ‘n ekstra bykomende diens wat in ons een-prys-pakket ingesluit is.

V: ‘n Persoonlike vraag weg van al die wiskunde en persentasies af: Wat is die wens in u hart vir elke person wat behandeling by Stabilis ondergaan?

A: Stabilis se leuse” JOU LEWENSVREUGDE IS ONS STREWE” moet ware en sinvolle betekenis kry vir ELKE pasiënt vanaf die oomblik van kontak maak met Stabilis (selfs nog voor amptelike opname) en LEWENSLANK aanhou. Dit meet ek aan die al hoe meer pasiënte wat terugkom – net om te kom groet en dankbaar te vertel hoe goed dit met hulle gaan!

NAVRAE:
STABILIS REHABILITASIESENTRUM
012 333 7702/ pro@stabilistc.co.za
www.stabilis.org.za